ADDRESS | ADRES:
Unit 7, Genius Loci Office Park No. 6,
Hoogenhout Street, Langenhovenpark,
BLOEMFONTEIN
Private Bag X12, BRANDHOF 9324

CONTACT | KONTAK:
T: +27 51 446 4619 / 3452
F: +27 51 446 3148
E: info@brahman.co.za
W: www.brahman.co.za

Geagte Teler **1 Maart 2017**

VERKIESING VAN VERVANGENDE RAADSLEDE

Ingevolge klousule 10 van die Konstitusie vind daar jaarliks rotasie van raadslede plaas en bygevolg moet u asb. noukeurig let op die meedelings hieronder ten einde die kantoor in staat te stel om die proses sonder rimpelings te finaliseer.

1. Streeksverteenwoordigers

Rotasie vind hierdie jaar plaas in die streke van KwaZulu-Natal, Vrystaat en Noord-Wes (soos meer volledig omskryf in klousule 10) en moet nominasies ten minste **30 dae** voor die betrokke streeksvergadering wat vir hierdie doel gehou gaan word, by die kantoor ingehandig word, behoorlik voltooi en onderteken deur die nomineerder, twee sekondante en genomineerde. Die vorm sluit die fisiese aflewering daarvan, asook versending per faksimilee of in pdf elektroniese formaat en ontvangserkenning daarvan deur die Genootskap kan eweneens op enige van vermelde wyses geskied. Nominasies wat nie voldoen aan die voorskrifte van die Konstitusie nie, sal verwerp word. Aangeheg hierby vorm wat vir nominasie-doeleindes hier gebruik moet word.

2. Bykomstige lede

Daar is een vakante posisie wat gevul moet word en is Wayne Porter aangewys om te roteer. Eweneens is behoorlike nominasies ontvangbaar by die kantoor en moet aangehegte vorm hiervoor voltooi word volgens voorskrif en by die kantoor ingedien word ten minste 30 dae voor die Algemene Jaarvergadering. Sluitingsdatum 25 Julie 2017 om 16:00.

3. Vergaderingdatums

Die **Vrystaat** streeksvergadering word gehou **13 Mei 2017** om 14:00 te Afridome Parys. Die sluitingsdatum vir die Vrystaat nominasies moet die kantore bereik voor of op 13 April 2017 om 16:00.

Die **KwaZulu-Natal** streeksvergadering vir die Mpumalanga word gehou op **22 April 2017** om 11:00 te Naudesfontein (Johan Drotsky se plaas) en vir **Natal** word gehou **21 April 2017** om 11:00 te Bergville (Ting Braithwaite se plaas). Die sluitingsdatum vir die KwaZulu-Natal nominasies moet die kantore bereik voor of op 23 Maart 2017 om 16:00.

Die **Noord-Wes** streeksvergadering word gehou **2 Mei 2017** om 11:00 te Lichtenburg Skougronde. Die sluitingsdatum vir die Noord-Wes nominasies moet die kantore bereik voor of op 2 April 2017 om 16:00.

Die **Algemene Jaarvergadering** word gehou in Acacia Saal te Pretoria Skougronde **24 Augustus 2017**, 14:00. Die sluitingsdatum vir die bykomende lede nominasies moet die kantore bereik voor of op 25 Julie 2017 om 16:00.

4. Hulpverlening

Dit is belangrik dat die proses verloop soos voorgeskryf deur die konstitusie en moet lede nie huiwer om die kantoor te nader vir hulp of onduidelikhede nie. Die Raad en personeel is verbind tot uitvoering van die Konstitusie en sal alles in hul vermoë doen om voldoening te verseker.

Vriendelike Groete
Bernadine Erasmus: Kantoorbestuurder